**Die tabernakel: Volle vervulling in die hiernamaals (OP186)**

**Op 21:-22:5**

**25 Augustus 2024**

Vandag wil ek ons bestudering van die tabernakel afsluit. Gedurende die afgelope verskeie weke het ons geleer die tabernakel was 'n uitbeelding van die verlossing wat die Here vir gelowiges bewerk. Die tuin van Eden was die eerste tempel, maar dit was sonder 'n voorhof, omdat daar nog nie sonde was nie, en daarom ook nog nie die noodsaak vir geregtigheid, wat deur die voorhof uitgebeeld word, nie. By Sinai, na die Here die volk uit Egipte verlos het, het Hy gesê Hy wil die volk 'n koninklike priesterdom maak en 'n heilige nasie. Hy het aan hulle Sy wet gegee om te definieer hoe 'n heilige nasie behoort te leef, en Hy het ook aan hulle die voorskrifte gegee om die tabernakel te bou. Die tabernakel Sou Sy woonplek in hulle midde wees, terwyl dit ook vir hulle uitgewys het hoe hulle deur verlossing in Sy teenwoordigheid kan kom. Toe die volk in die beloofde land aangekom het, het Salomo 'n tempel vir die Here in Jerusalem gebou. Soos met die tabernakel, het die heerlikheid van die Here ook hierdie tempel gevul. Maar die volk het bloot aan die tempel vasgehou, in plaas daarvan dat hulle die Here aanbid het. Gevolglik is die tempel tydens die ballingskap verwoes. Verskeie profesieë voor, tydens en na die ballingskap het aangekondig dat daar 'n toekomstige tempel sal wees, wat met selfs nog groter heerlikheid gevul sal wees. Maar die tempel wat na die ballingskap gebou is, was nie die vervulling van hierdie profesieë nie. Dit het eers in vervulling begin gaan met die koms van die Here Jesus: Voortaan sou die fisiese tempel nie meer belangrik wees nie, seinde dat Hy die ware tempel is. Die oorgang het met Sy sterwe plaasgevind toe die voorhangsel in die fisiese tempel geskeur het. Laasweek het ons gesien die profesieë is verder vervul na die koms van die Heilige Gees. Sedert Sy uitstorting, is die gelowiges ook die tempel: Jesus is die hoeksteen van die ware tempel. Die profete en apostels is die fondament van die ware tempel, en die gelowiges is die lewende klippe van die ware tempelgebou. Gelowiges moet opgebou word as lewende klippe in die ware tempelgebou, en hulle moet ook medewerkers wees om meer klippe in te bring deur die loop van die geskiedenis.

Vandag wil ek afsluit deur te kyk na wat die Bybel ons leer oor die volle vervulling van al hierdie profesieë. Ek wil begin deur eers net 'n paar opmerkings te maak oor Op 1 en 3, en daarna gaan ons by Op 21-22 stilstaan.

<u>Op 1:4-6 Lofprysing</u>

Openbaring is 'n boek wat aan ons die dinge beskryf wat binnekort moet gebeur (Op 1:1) – d.w.s die boek beskryf vir ons die dinge wat moet gebeur vandat Johannes die openbaring op Patmos ontvang het, tot aan die einde van die tyd. Vers 4 beskryf vir ons dat hierdie boek gerig is aan die sewe gemeentes in Asië – ons weet die sewe gemeentes was geleë in die gebied wat ons vandag as Turkye ken. Die punt om raak te sien vir ons studie is dat dit gerig is aan gemeentes wat uit die heidennasies kom – soos wat ons laasweek gesien het ook waar was van Paulus en Petrus se briewe. Boonop word die gemeentes in Op 2-3 beskryf as kandelaars – 'n beeld waarmee ons nou goed vertroud is – die gemeente bestaan uit gelowiges, oftewel priesters, wat dus in die Heilige van die ware tempel is, waar die kandelaar ook in die Ou Testament gestaan het. Hulle moet die kandelaar versorg en die lig laat brand.

Vers 4 gaan verder en sê: "Genade vir julle en vrede". Ons het herhaalde male gesien dit was vooruit aangekondig dat dit in die ware tempel is wat die Here vrede sal bewerk, wat Hy inderdaad gedoen het deur Jesus Christus, en die vrede is inderdaad beskikbaar ook selfs vir gelowiges uit die heidendom in die sewe gemeentes in Asië.

Vers 5b-6 voeg by: Aan Jesus kom die heerlikheid toe, want Hy het die gelowiges ‘n koninkryk gemaak, priesters vir God. Hoor jy dit? Jesus het die gelowiges in die sewe gemeentes ‘n koninklike priesterdom gemaak – soos wat die Here in Eks 19 gesê het Hy die volk wil maak, soos wat Petrus in 1 Pet 2 beskryf het waar was van sy lesers – so is dit hier ook die geval. Die Here is steeds in Openbaring op pad na dieselfde doel, as waarmee Hy al in Eksodus aangedui het Hy besig is.

<u>Op 3:12 Die gelowiges sal ‘n pilaar in God se tempel wees</u>

In Op 2-3 word daar vir ons 7 briewe gegee wat Jesus aan elk van die sewe gemeentes geskryf het. Elkeen van die briewe sluit af met ‘n stelling wat lui: “Wie oorwin, sal…”, en dan volg daar ‘n belofte wat hierdie oorwinnaars kan verwag. Die oorwinnaars aan wie die belofte gegee word, is natuurlik die gelowiges in die gemeentes. In Op 3:12 lees ons wat die belofte aan die gemeente in Filadelfia was: “Wie oorwin, sal Ek ‘n pilaar in die tempel van My God maak, en hy sal nooit weer daaruit gaan nie.” Hier het ons weer die bevestiging dat die ware tempel bestaan uit gelowiges – Laasweek het ons geleer hulle is die klippe waaruit die ware tempel gebou word, en hier lees ons hulle is pilare in hierdie tempel. En let op: Hulle sal nooit weer daaruit gaan nie. Ons het die afgelope paar weke baie verandering in die tempel gesien: Eers was dit die tuin, toe die tabernakel, daarna die tempel, toe Jesus as die ware tempel en die gelowiges as die bouklippe. Die versekering wat die Here Jesus hier gee, is dat ware gelowiges vir altyd deel gaan wees van die ware tempel. Ja, wanneer al daardie profesieë volledig vervul is, sal die gelowiges steeeds in die ware tempel wees as klippe of pilare – en hulle sal daar bly vir ewig.

Maar dan gaan Op 3:12 verder, en beloof boonop aan die gelowiges dat hulle ook met drie name gegraveer gaan word: God se Naam, die naam van die stad van God, dit is die nuwe Jerusalem, en ook Jesus se nuwe naam. Vir ons studie vandag let ons net daarop dat die gelowiges ander andere die naam van die nuwe Jerusalem gaan ontvang, daardie nuwe Jerusalem wat van God uit die hemel op die aarde gaan neerdaal. Die punt is: die gelowiges is die nuwe Jerusalem – soos wat ons nou verder sal sien in Op 21-22.

<u>Op 21:1-4 Die Nuwe Jerusalem daal van God af uit die hemel neer</u>

Lees Op 21:1-4. In hierdie verse sien Johannes ‘n visioen van wat aan die einde van die tyd gaan gebeur. Ons lees hy sien ‘n nuwe hemel en aarde. Dit dui op die feit dat die Here die skepping herskep het, oftewel Hy het dit nuut gemaak. Een van die eienskappe van die nuwe skepping is dat daar nie meer dood en pyn sal wees nie (vers 4). Die herskepping is nie onverwags nie – immers het Paulus ook al daarna verwys in Rom 8:20-21, waar hy beskryf het dat die skepping op die oomblik sug, omdat die Here dit onderwerp het aan ‘n sinlose bestaan. Maar die sug kom tot ‘n einde wanneer God die skepping herskep

Maar dan sien Johannes ook dat die nuwe Jerusalem, die heilige stad, van God af uit die hemel neerdaal. Waarheen daal dit neer? Tog sekerlik na die nuwe aarde. Let op: dit is die nuwe Jerusalem, en dit is ‘n heilige stad. Natuurlik was Jerusalem op die ou aarde die Dawidstad, die stad waarin die tempel gestaan het, die stad wat die sentrale plek van aanbidding vir die volk was. Maar Jerusalem en die tempel is verwoes – fisies in 70 n.C., maar ons het gesien die fisiese tempel het al vroeër met Jesus se sterwe sy nut verloor – ons sou dieselfde van Jerusalem kon sê. Maar nou daal daar ‘n nuwe Jerusalem van God af uit die hemel neer – en hierdie Jerusalem is heilig – so anders as wat waar was van die vorige fisiese Jerusalem. Vers 2b vertel ons meer van hierdie stad: “Sy is gereedgemaak, soos ‘n bruid wat versier is vir haar man.” Let op: die stad word beskryf as “sy”, en dit word so beskryf want die stad is ‘n bruid wat vir haar man versier is. Wel, wie is die man? Lees Op 21:9 – die Man is die Lam, dit beteken die Man is Jesus, die Seun van God. Die nuwe Jerusalem is dus nie ‘n fisiese stad

nie – nee, dit is die bruid van die Lam, en hierdie bruid is heilig. Onthou verder wat ons in Op 3:12 vroeër gelees het: die wat oorwin, dit is: die ware gelowiges, het die naam van die nuwe Jerusalem ontvang. Die nuwe Jerusalem is dus die gelowiges. Maar die gelowiges is ook die klippe in die tempel, of pilare in die tempel. Al met al word dit duidelik die nuwe Jerusalem is die gelowiges, en hulle is ook die ware tempel klippe of pilare.

Vers 3 sê Johannes het 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, God se woonplek is by die mense. En Hy sal by hulle woon." In die 2020 DAV is daar 'n onderskrif: "woonplek" kan ook vertaal word met "tent". God se tent is nou by die mense: Onthou: In Eden, die eerste tempel, het die Here met Adam en Eva gewandel. Die doel met die tabernakel was dat die Here onder Sy volk wou woon (Eks 25:8). Die tempel van Salomo in Jerusalem was die Here se woning onder die volk. Jesus het aarde toe gekom en onder ons kom tabernakel – Hy was toe God met ons. Na Sy hemelvaart het God deur Sy Heilige Gees in die gelowiges kom woon as die tempel. Maar nou lees ons: op die nuwe aarde is God se woonplek of tent by die mense – die mense wat ook die nuwe Jerusalem is.

Vers 3 voeg verder by: "Hulle (die mense) sal Sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God". Geliefdes, dit is wat die Here vir Abraham gesê het tydens die sluiting van die Abrahamverbond, daardie verbond wat die Here 'n ewige verbond genoem het: "Ek sal vir jou 'n God wees en vir jou nageslag na jou" (Gen 17:7). Dit is wat die Here vir die volk by Sinai gesê het as deel van die Sinaiverbond: "Ek sal my tabernakel onder julle oprig en nie 'n afkeer van julle hê nie. Ek sal tussen julle rondbeweeg: Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir my 'n volk wees" (Lev 26:11-12). Dit is wat die Here vir Dawid gesê het as deel van die Dawidverbond: "Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir my 'n Seun wees" (2 Sam 7:14). Dit is wat die Here deur Esegiël gesê het toe hy vooruit gekyk het na die nuwe verbond: "My woning sal by hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir my 'n volk wees" (Eseg 37:27-28). Dit is wat die Here deur Paulus aan die Korintiërs gesê het: "Want ons is die tempel van die lewende God, soos God gesê het: Ek sal onder hulle woon en saam met hulle wandel; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees" (2 Kor 6:16b). Hier in Op 21 word dit alles 'n realiteit: Die gelowiges daal as die nuwe Jerusalem van God af uit die hemel neer na die herskepte aarde, en dan kom God by hulle as hulle God en hulle is Sy volke. Ja, met Jesus se koms, het Hy by ons kom woon, ja, na Sy hemelvaart het die Heilige Gees in ons kom woon, maar op die nuwe aarde kom God Drie-Enig by ons woon.

<u>Op 21:9-22:5 'n Beskrywing van die nuwe Jerusalem</u>

Lees Op 21:9-10. Hier lees ons dat 'n engel deur die Heilige Gees aan Johannes die bruid van die Lam, dit is die nuwe Jerusalem, die heilige stad, gewys het. Kom ons kyk wat Johannes gesien het:

Lees vers 11. Die stad was vol van die heerlikheid van God, haar glans was soos die van 'n baie kosbare edelsteen, soos kristalhelder jaspis. Onthou: die stad is die gelowiges, en die stad is die tempel. As ons lees dat die heerlikheid van God in die stad was, dan herinner dit ons daaraan dat die heerlikheid van God ook destyds die tabernakel gevul het. Netso het Sy heerlikheid ook die tempel van Salomo gevul. In Hag 2:9 het ons gelees dat die heerlikheid van daardie toekomstige tempel groter sal wees as die van die vorige tempels – d.w.s die tabernakel en Salomo se tempel. Boonop het ons in Joh 1:14 geleer dat toe Jesus gekom het en onder ons kom woon het, het ons Sy heerlikheid aanskou, wat ook die heerlikheid van die Vader is. Natuurlik kan ons verwag dat die stad vol van heerlikheid sal wees as die Here in die stad kom woon.

Maar ek is oortuig ons moet meer hierin lees – Let op: Dit was nie net die stad wat vol was van die heerlikheid nie – dit was ook haar, die stad, se glans wat soos die van 'n kosbare edelsteen gelyk het. Dus: die stad, dit is die gelowiges, was ook vol van die heerlikheid van God. Hoor jy dit? Gelowiges

vol van die heerlikheid van God. Ek staan verstom! En tog as jy teruggaan in die openbaringsgeskiedenis begin jy sien dit is wat die Here al van lank al af in gedagte gehad het. Kyk na die volgende:

God het die mens sonder sonde geskep en na Sy beeld, en Hy wou hê dat die mens Sy skeppingsopdragte in geregtigheid en heiligheid moes uitvoer (Ef 4:24). Maar die mens het in sonde geval. Daarom het God verlossing bewerk – as voorbeeld hiervan het Hy die volk uit Egipte verlos. Maar na Hy die volk uit Egipte verlos het, het Hy reeds aangedui Hy wil dat hulle 'n heilige nasie moet wees (Eks 19:6). In 1 Kor 3 het ons geleer dat die gelowiges die tempel van die Gees is, en die tempel is heilig. Boonop, in 2 Pet 1 het Petrus die gelowiges as 'n heilige nasie beskryf. Die fokus is duidelik dat gelowiges heilig moet wees.

Maar ons weet, in hierdie lewe is gelowiges nog nie volmaak heilig nie. Hulle word nog heilig gemaak deur die Heilige Gees wat in hulle woon. Maar let op waarna die Heilige Gees besig is om in hulle te werk: In Rom 8:28-30 leer ons dat die gelowiges wat ook uitverkorenes is, is ook bestem, is ook geroep, is ook geregverdig, en is ook verheerlik. Die eindpunt van God se verlossing is die verheerliking van die gelowiges. Ons definieer verheerliking as die voltooiing van ons heiligmaking – d.w.s wanneer ons volmaak heilig is. Ef 5:27 sê Jesus se doel is om die kerk, dus die gelowiges, dus die nuwe Jerusalem, vir Homself in heerlikheid daar te kan stel, dit beteken sonder vlek of rimpel, heilig en onbesmet. 2 Kor 3:18b sê ons, die gelowiges, word na dieselfde beeld verander, van heerlikheid tot heerlikheid, soos afkomstig van die Here, die Gees. Dus, ons sal met ons heerlikmaking deel in die heerlikheid van God. 1 Joh 3:2 sê wanneer Jesus kom, sal ons soos Hy wees. Immers, dan is ons heilig, soos wat God heilig is. Natuurlik sal daar steeds 'n onderskeid tussen ons en God wees: Hy sal steeds God en ons steeds mense wees. Maar dan sal ons werklik die beeld van die Here vertoon. En daarom lees ons in Op 21:11 die stad sal vol wees van die heerlikheid van God. Al die gelowiges sal die heerlikheid van God vertoon.

In verse 12-21 lees ons nog detail van die nuwe Jerusalem. Ek som dit kortliks op: Daar is 'n groot hoë muur rondom die stad. Die muur is 144 el hoog, oftewel 65m hoog – dit is nogal hoog. In hierdie muur is daar 12 poorte waarop die name van die 12 stamme van Israel geskryf is. Drie poorte maak in elk van die vier windrigtings oop: 3 noord, 3 suid, 3 oos en 3 wes. Die stad het ook 12 fondamente, waarop die name van die 12 apostels geskryf is. Die stad is gemeet: dit is in die vorm van 'n kubus: 12 000 x 12 000 x 12 000 stadia. 12 000 stadia is ongeveer 2 220 km – die stad is dus groot. Ons lees ook van die boumateriale waarmee die stad gebou is: die muur is van jaspis gebou, die stad self van goud, die fondamente van 'n verskeidenheid edelstene, en die poorte is elkeen 'n pêrel.

As ons die beskrywing van die nuwe Jerusalem wil verstaan, moet ons onthou dat die genre van die boek Openbaring eskatologies van aard is. Dit beteken dat ons dit nie letterlik moet probeer verstaan nie. Maar kom ons hou nou in gedagte wat ons die afgelope paar weke geleer het rakende die tabernakel en tempel, en dan probeer ons sin maak uit hierdie beskrywing van die nuwe Jerusalem: Ons lees dat daar rondom die nuwe Jerusalem 'n muur is. Die muur is hoog – 144 el. Dis stad is baie groot: 'n kubus van 12 000 stadia (2 220 km). Dink nou terug aan Sagaria se derde visioen in Sag 2. Daar wou die jong man die stad Jerusalem gaan meet. Maar 'n engel het hom gekeer, en het vir die jong man gesê: Jerusalem sal soos 'n stad sonder mure wees omdat so baie mense en diere daar woon. Verder het die Here ook gesê Hy sal self die muur om Jerusalem wees, en Sy heerlikheid sal in hulle midde woon – soos wat ons nou al gesien het in die nuwe Jerusalem sal realiseer. Maar hoekom moes die jong man in Sagaria se visioen nie die stad Jerusalem gaan meet nie? Want wat ook al die jong man gemeet het, sou eenvoudig te klein gewees het! Die Here is op pad na 'n reuse stad – 'n 2 200 km kubus. En natuurlik is die nuwe Jerusalem nie 'n fisiese kubus met daardie afmetings nie, nee, die nuwe Jerusalem is die gelowiges! Maar in Sagaria het die Here al

gesê daar gaan baie mense wees. En nou blyk dit die stad gaan 12 000 stadia in ‘n kubus vorm wees. Hoekom 12 000 stadia? Want 12 000 = 12 x 1000. 12 verwys na die 12 stamme van Israel en/of die 12 apostels, en 1000 is ‘n volheidsgetal. Ons moet dus verstaan al die gelowiges uit Israel en uit die resultaat van die apostels se werk onder die heidennasies sal daar wees. Die stad sal volledig wees. Maar dit gaan groot wees – daar gaan baie mense wees, meer as wat daardie jong man ooit kon voorsien! Hoe kom word die nuwe Jerusalem as ‘n kubus beskryf? Wel, die Allerheiligste in die ou Testamentiese tempel was ook ‘n kubus (1 Kon 6:20). Die nuwe Jerusalem is dus die Allerheiligste van die ware tempel. Onthou wat ons gesê het die simboliek van die Ou Testamentiese tabernakel/tempel was: In die voorhof is regverdigmaking uitgebeeld, in die Heilige is heiligmaking uitgebeeld, en in die Allerheiligste is heerlikmaking uitgebeeld. Ons het sopas gesien die gelowiges het die heerlikheid van God, want hulle is heerlik gemaak – daarom maak dit sin dat die nuwe Jerusalem ‘n kubus is, soos wat die Allerheiligste van die tempel was. Hulle is nou in die Allerheiligste.

Uit Sagaria se visioen weet ons ook dat die muur die Here self is. Ons lees die muur was 144 el hoog, dit is 65m hoog – natuurlik is dit ‘n hoë muur. Maar die stad is 12 000 stadia hoog – dit is 2 220 km hoog. Die muur is hoog, maar die stad is baie hoër. Hoe moet ons dit verstaan? Wel, die muur is hoog, maar die verskil in hoogte van die muur teenoor die stad beklemtoon weereens hoe groot die stad is waarna die Here besig is om te werk. Die hoë muur, wat volgens Sag 2 die Here is, dui sekerlik op die sekuriteit wat die Here vir die stad bied – Hy het haar gebou, en Hy sal haar beskerm. Maar, die feit dat die muur relatief laag is in vergelyking met die stad, onderstreep ook dat ‘n hoë muur nie nodig is nie. Trouwens ons lees dat daar in die muur 12 poorte is, en hierdie poorte word nooit gesluit nie. Hoekom nie? Want dit is nie nodig nie – al God se vyande, die duiwel en al sy volgelinge, is reeds in die vuurpoel gegooi – hulle is nie meer ‘n bedreiging nie. Dit is nie meer nodig om die stad te bewaak, soos wat Adam die tuin van Eden moes bewaak nie.

Ons lees die nuwe Jerusalem het 12 poorte en 12 fondamente gehad. Die 12 poorte het die name van die 12 stamme van Israel, en die 12 fondamente het die name van die 12 apostels. Dit herinner tog sekerlik aan Ef 2 waarna ons laasweek gekyk het waar die apostels en die profete beskryf is as die fondament van die ware tempel. Ons lees dat die hele stad gebou is of met goud of met edelstene. Dit herinner tog sekerlik aan 1 Kor 3 waar ons opgeroep is om met goeie materiale aan die ware tempel te bou – soos goud, silwer en edelstene, eerder as hout, strooi of gras. Dit herinner verder aan die boumateriale wat in die tempel en tabernakel gebruik is. Ons lees dat daar 12 poorte was – 3 noord, 3 suid, 3 oos en 3 wes. Dit herinner tog sekerlik aan Jakob se nageslag wat sou uitbrei na die noorde en die suide, en die ooste en die weste (Eks 28:14), of aan Sagaria se agste visioen in Sag 6 waar die strydwaens uitgestuur is in al vier windrigtings. Natuurlik verwys dit na Jesus wat met Sy hemelvaart Sy dissipels uitgestuur het om dissipels van al die nasies te gaan maak. En nou kan die nasies vanuit alle rigtings in die nuwe Jerusalem inkom. Onthou hoe Jesus in Joh 10:9 geleer het Hy is die deur, as iemand deur Hom ingaan sal hy gered word. Laasweek het ons in Ef 2:18 geleer dat gelowiges uit die Jode en uit die heidene toegang tot die Vader het deur die werk van die Heilige Gees – Jesus is dus die poorte in die muur waardeur ons toegang kry om deel te kan wees van die nuwe Jerusalem.

In verse 23-24 lees ons dat die stad nie die son en maan nodig het om harte verlig nie, want die heerlikheid van God en die Lam is haar lamp en het haar verlig. Dit herinner natuurlik aan die kandelaar in die tempel wat moes lig gee. Maar ons het ook geleer Jesus is die lig (Joh 1:4, 9) – daarom is die Lam die lamp van die nuwe Jerusalem. In Op 22:1-2 lees ons van die rivier met die water van die lewe wat uit die troon van God gevloei het in die nuwe Jerusalem, en wat lewe gee. Die boom van die lewe is daar, wat 12 keer per jaar vrugte dra en wat genesing bring vir die nasies.

Dit herinner natuurlik aan die rivier en die boom van die lewe in die tuin van Eden. Dit herinner aan daardie stroom lewende water in Esegiël se visioen wat vanuit die tempel gevloei het (Eseg 47). Dit herinner natuurlik ook daaraan dat Jesus werklik die lewe is (Joh 1:4).

Ek wil ten slotte by Op 21:22 en 22:3 stilstaan: "'n Tempel het ek egter nie in haar gesien nie, want die Here God, die Almagtige, en die Lam is haar tempel" en "Die troon van God en die Lam sal in die stad wees, en sy diensknegte sal hom dien". Johannes sê hy het nie 'n tempel in die nuwe Jerusalem gesien nie. Hoekom nie? Wel, ons het nou die heeltyd gesien dat die gelowiges die nuwe Jerusalem is, en ons weet die gelowiges is ook die tempel. Boonop sê Johannes die Here God en die Lam is die tempel. Ons het tog al die laaste twee weke gesien Jesus is die tempel, en die gelowiges is die tempel. Weereens moet ons aflei dat die nuwe Jerusalem is ook die tempel – daar is nie 'n aparte tempel nie. Johannes voeg ook by dat die troon van God en die Lam sal in die stad wees.

Geliefdes, na verskeie weke van studie oor die tempeltema het ons uiteindelik al die boublokke wat die Here aan ons bekend gemaak het. Kom ons probeer om die ontwikkeling deur die loop van die openbaringsgeskiedenis raak te sien:

Dit begin in die tuin van Eden, wat 'n tempel is. Adam en Eva ontvang die opdrag om die tuin (d.w.s die tempel) te bewerk en bewaak, en ook om dit uit te brei tot dit die hele aarde oordek. Maar daardie eerste tempel bestaan net uit 'n Heilige en 'n Allerheiligste. Hulle is reeds in die Heilige, want hulle is sonder sonde, maar hulle is steeds op pad na die Allerheiligste wat hulle sou bereik het wanneer hulle hulle skeppingsopdragte suskesvol voltooi het. Daar was nie 'n voorhof nie.

Ongelukkig vorder Adam-hulle nie met hulle opdragte nie, trouens hulle val in sonde. Die gevolg is die Here stuur hulle uit die Heilige van daardie eerste tempel – immers is hulle nou onheilig. Hulle eindig in die wêreld – maar die Here verbind Hom om verlossing te bewerk deur Een uit die nageslag van die vrou. Die openbaringsgeskiedenis ontwikkel deur die verbond met Noag en Abraham, wat ek nou oorslaan. Later verlos die Here die volk uit Egipte, en bring hulle by Sinai. Hier maak Hy dit duidelik Hy wil hulle nie net verlos nie, Hy wil hulle ook 'n heilige nasie maak. Maar binne 40 dae val die volk in sonde met die goue kalf, en die Here sê Hy sal net saam met hulle trek as hulle die tabernakel bou. Maar hierdie tabernakel moet 'n voorhof ook hê – waar offers gebring kan word om geregtigheid vir die volk te bewerk – wat vooruit kyk na die beloofde Een uit die nageslag van die vrou wat ware geregtigheid sou kom bewerk. Boonop bevat die Allerheiligste ook die verbondsark – en ons het gesien die verbondsark is effektief die voetbank van God se troon. Sy troon is in die hemel, maar dit strek tot hierbo die verbondsark in die Allerheiligste – en daarom is die tabernakel die ontmoetingsplek tussen God en die mense. So trek die Here in hulle midde deur die woestyn.

Wanneer die volk in die beloofde land kom, wil Dawid vir die Here in Jerusalem 'n huis bou. Maar die Here sê Hy sal vir Dawid 'n huis bou. Dit gaan ook gepaard met die Dawidverbond, wat ek ook nou oorslaan. Salomo bou eventueel die tempel. Daardie tempel is indrukwekkend, en bestaan ook uit die voorhof, Heilige en Allerheiligste. Maar die volk kyk nie verder as die fisiese tempel nie – en met verloop van tyd laat die Here die volk in ballingskap wegvoer, en die tempel word afgebreek. In parallel hiermee gee die Here verskeie profesieë oor 'n komende tempel, wat selfs heerliker sal wees as die tempel van Salomo, en waar die Here werklik vrede sal bewerk. Dit word gou duidelik dat die naballingskap tempel nie die vervulling is van die profesieë nie.

En dan kom Jesus – Hy is die Een wat die Here al na die sondeval beloof het wat sou kom. Boonop word dit vinnig duidelik Hy is ten minste die begin van die vervulling van die profesieë in die Ou Testament, Hy is ook die antitipe waarvan die tabernakel en tempel tipes was. Hy is die offer op die brandofferaltaar, Sy bloed is in die waskom waarin gelowiges hulle moet skoon was, Hy is die Lig van

die kandelaar, Hy is die brood van die lewe op die tafel met die toonbrode, Hy is die wierook op die wierookaltaar, Hy is die verbondsark, en dit is Sy bloed wat op die versoendeksel gesprinkel word. Hy is die tempel.

Hy lei ook die nuwe verbond in. In die res van die Nuwe Testament word dit duidelik dat gelowiges ook die tempel is – hulle is die klippe van die gebou, met Jesus as die hoeksteen, en die profete en die apostels as die fondament. Hy het die nuwe lewende weg bewerk waardeur hulle nou deur die voorhof beweeg as hulle geregverdig word deur geloof in Hom. So vorder hulle tot in die Heilige, waar hulle deur die Heilige Gees heilig gemaak word (as lewende klippe opgebou word), en waar hulle ook hulle priesterlike werk moet doen deur die lampe te versorg, die brood uit te pak en die wierookoffers te bring (d.w.s hulle verkondig die verlossingsdade van die Here aan die nasies). En so vorder hulle in heiligheid.

En dan, wanneer Jesus weer kom, word die ganse skepping nuutgemaak. Die gelowiges daal as die nuwe Jerusalem, die heilige stad, uit die hemel neer. Hulle vertoon nou die heerlikheid van God, want sien hulle word heerlik gemaak. Sien jy hoekom sien Johannes nie 'n tempel nie? Hulle is die tempel, maar daar is nie meer 'n voorhof en selfs ook nie meer 'n Heilige nodig nie! Dit is net die Allerheiligste wat oorbly! En hulle is nou ook in die Allerheiligste! En God se troon is ook daar. Weliswaar nie meer net die voetbank van God se troon soos in die tabernakel nie – nee God se troon en die Lam se troon is daar. En God woon by hulle. Dit is nou moontlik – want hulle is heerlik, soos die Here. En boonop oordek die nuwe Jerusalem, wat ook die Allerheiligste van die ware tempel is, die ganse nuwe aarde – soos wat die Here van die begin af dit wou hê. En Sy heerlikheid vul hierdie hele nuwe aarde – soos wat die Here dit wou hê. En dit is hier waar die gelowiges vir ewig bly. En dit is hier wat hulle die Here vir ewig aanbid en verheerlik – want hulle is oortuig deur hulle eie redding dat Hy dit voorwaar waardig is!

Al wat ek kan sê, is om te herhaal wat die groot skare in die hemel jubel: "Die verlossing behoort aan ons God, wat op die troon sit, en aan die Lam! Amen! Die lof, die heerlikheid en die wysheid, die dank en die eer, die krag en die sterkte kom ons God toe vir ewig en ewig. Amen" (Op 7:10 en 12)